
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

LAM VAN GOD -DIE VOLMAAKTE OFFER

Die Woord van die Here vertel aan ons in die Ou Testament dat die bloed van diere die sondes van die mense slegs vir 'n **tyd bedek** het, en hierdie offers moes aanhoudende gedoen word, maar Jesus se Bloed is **vir altyd** genoeg.

Die Bybel sê vir ons dat sonder bloedvergieting daar geen vergifnis van sonde kan wees nie**. En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb.9:22).** Dan van Jesus gepraat, lees ons in **Heb. 9:26 …. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur SY offer weg te doen.**

Ons lees in **Heb. 2:9-10** dat Hy die dood gesmaak het vir elke mens sodat Hy baie tot heerlikheid kon bring! **Maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.**

Ons word in **Heb.9:28** vertel dat Hy die eerste keer gekom het om vir ons sondes te betaal, en Sy tweede verskyning sal wees om ons **verlossing te voltooi** met die opstanding van die dode - wat ons later sal bespreek. **SO SAL CHRISTUS OOK, NADAT HY EEN MAAL GEOFFER IS OM DIE SONDES VAN BAIE WEG TE NEEM, VIR DIE TWEEDE MAAL SONDER SONDE VERSKYN AAN DIE WAT HOM VERWAG TOT SALIGHEID (Heb. 9:28).** Ons moet van die wees wat **"uitsien na Sy tweede verskyning",** sodat ons verlossing wat Hy met Sy eerste koms begin het voltooi sal word. Wanneer ons Jesus as ons persoonlike Verlosser ontvang, is dit die begin van ons wandel met Hom, en ons moet verseker daar begin. Die Bybel leer egter dat ons moet volhard en aanhou om Hom te volg en Sy opdragte te gehoorsaam en uit te sien, en gretig te wag op Sy wederkoms, wat die toppunt en vervulling van ons verlossing sal wees as ons tot die einde volhard. **Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word (Matt. 24:13).** Ons begin ons reis na die Hemel die oomblik wanneer ons Jesus as ons Here en Verlosser ontvang, dan is ons gered, maar ons moet getrou bly tot die einde. As ek 'n reis na Kaapstad begin, is ek die oomblik wat ek Durban verlaat oppad, ek moet egter aanhou anders sal ek nie in Kaapstad aankom nie. Jesus kom weer en ons moet reg wees en vir Hom wag om ons saam met Hom Hemel toe te neem wanneer Hy kom! Dit is opwindende nuus!

Met Sy eerste koms moes Jesus die offer Lam word, en dit het dit noodsaaklik gemaak dat Hy in liggaamlike vorm moes kom, in die gelykenis van die mens. God die Seun het "mensheid" aangeneem. Ons lees in **Heb.10:5: Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.**

Want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe - om u wil te doen, O God. En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie; maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het vir

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Lam van God ...)

altyd gaan sit aan die regterhand van God. Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. Want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe, en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie. Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie. Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees (Heb.10:4,7,11,12,14,16-20).

Jesus, ten volle God en sondeloos, het na die aarde in menslike vorm gekom sodat Hy met die mens kon identifiseer. Deur dit te doen, kon Hy nie net die versoekings wat die sondige mens gely het verstaan nie, maar deur Sy dood, het Hy Satan oorwin wat die krag van die dood gehad het, sodat ons bevry kon word van die vrees vir die dood. Ons lees dit in **Heb. 2:14-18: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom. Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.**

Geen mens het al ooit die Vader of die Heilige Gees gesien nie, maar Jesus is regtig deur Sy dissipels en baie ander gesien, aangeraak en ondervind, en dit is nie net in geskiedenis boeke aangeteken nie, maar in Sy Ewige Woord wat vir ewig vasgestel is.

Jesus, God geopenbaar in die vlees, het vir Sy dissipels gesê in **Joh. 10:38: Maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom.** En in antwoord op Filippus se vraag, lees ons in **Joh.14:9-12:. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan**. Die Vader is die hoogste gesag en Jesus het gesê dat Hy en die Vader een is. Jesus is God. Hy is die beloofde Messias wat in die Ou Testament belowe is.

'N JOODSE MESSIAS

Ortodokse Jode glo dat hulle beloofde Messias gaan kom om hulle van hul vyande te verlos en 'n Koninkryk gaan oprig wat in geregtigheid regeer gaan word. Hulle sê nog elke dag, "vandag sal Hy kom", en aan die einde van die dag sê hulle, "more sal Hy kom ". Hulle het hierdie voortdurende, daaglikse verwagting van Sy koms. Die profesieë aangaande die koms van die Messias proklameer Hom as God, Koning, Priester en Profeet. **Jesaja hoofstuk 9 verse 5 en 6** verklaar Hom as God en Koning. **Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen**. Die Torah (Ou Testament) verklaar ook dat Hy 'n Priester en 'n Profeet sal wees.

1. 'n Priester volgens die orde van Melgisedek. **Ps. 110:1-4: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. U magtige septer sal die Here uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande. U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe. Die Here het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Lam van God .....)

En 'n profeet volgens die gees van Elia. **Mal. 4:5: Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek**.

Jesus het al hierdie profetiese vereistes van die verwagte Messias vervul, nogtans het Sy eie mense Hom nie herken toe Hy die eerste keer gekom het nie. Jesus - die Messias, het as 'n lydende dienskneg gekom om 'n offer dood te sterf om die mensdom te red, en wanneer Hy weer kom sal Hy as Regter en Koning van die konings kom. 'n Aardse regter is slegs 'n man met geen mag TOTDAT hy sy posisie op die regbank in die hof inneem, slegs dan gee sy gesag as 'n **regter** hom die mag om te oordeel. Jesus is nou op die troon in die Hemel, vanwaar Hy die gesag en mag het om te oordeel.

Die doel van Jesus se eerste koms na hierdie wêreld word gevind in **1Joh.3 :8: Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.** Jesus het gekom om sonde te vernietig, wat van Satan is, sodat ons in die oorwinning kan leef wat Hy vir ons aan die kruis verkry het. **En die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle** (die demoniese magte) **getriomfeer het**(die kruis) **(Kol. 2:14-15)**.

Jesus het Sy mag oorgedra aan Sy dissipels, aan die wat in Sy Naam glo. Bose geeste of demone, was nou onderworpe aan die dissipels van die Here Jesus Christus. Ons word beveel om demone uit te dryf net soos Jesus gedoen het toe Hy op die aarde bedien het! Jesus het gesê en dit is opgeteken in **Mark. 16:17: En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek.**

Toe Jesus Sy twaalf dissipels uitgestuur het om die Evangelie te verkondig en siekes te genees, het Hy ook aan hulle die gesag gegee om duiwels uit te dryf, en ons lees dit in **Matt.10:1: En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.**

Dan lees ons later dat Hy ander sewentig dissipels met dieselfde opdragte gestuur het: **En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam. Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is (Luk.10:17 – 20).**

Na Sy kruisiging, en net voordat Jesus die aarde verlaat het en na die Hemel opgevaar het, het Hy soortgelyke opdragte aan Sy dissipels gegee wat saamgekom het op die Olyfberg. Ons lees in **Matt.28:18-20: En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.**

Jesus het aan hulle gesê dat **ALLE** mag (gesag) in die Hemel en op die aarde aan Hom gegee is, en as gevolg hiervan, stuur Hy hulle uit onder Sy gevolmagtigde gesag om dissipels van mans en vrouens te maak, hulle te leer om dieselfde dinge te doen wat Hy hulle geleer het gedurende Sy tyd saam met hulle op aarde. Wat het Hy hulle geleer en beveel om te doen toe Hy hulle uitgestuur het? Verkondig die Evangelie, genees die siekes, reinig die melaatses, wek die dooies op, dryf duiwels uit!

En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee (Matt. 10:7-8). Hulle het in werklikheid Satan se koninkryk van duisternis deur Jesus se delegeerde gesag vernietig! In die Groot Opdrag van die Here, lees ons in **Mark. 16:15-18: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad**

(Vervolg of Bl. 4)

doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Jesus is nie net een of ander dooie godsdienstige ikoon wat begrawe is nie, Hy is waarlik 'n WERKLIKHEID en Hy LEEF! Elke aspek van die lewe en bediening van Jesus is werklik en is opgeteken in die geskiedenis, van Sy geboorte tot met Sy dood, asook Sy opstanding en Sy hemelvaart. Ons lees in**1 Kor. 15:4-6: En dat Hy** (Jesus) **begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Cefas verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het.**

Honderde mense was getuies van al hierdie historiese feite. Wanneer Hy terugkom, **sal Hy dieselfde Jesus wees.** Ons lees in **Hand. 1:11: .... Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? HIERDIE JESUS wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.**

Jesus, het uit die hemel gekom om 'n lewende, menslike offer te wees sodat ons gered kan word van die ewige verdoemenis. **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16).**

Ons lees in **Hand.2:38: En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**

Om gereed te wees vir Sy koms, moet jy Hom as jou persoonlike Verlosser ontvang, gedoop word **NADAT** jy geglo het en **die vervulling met die Heilige Gees ontvang.** Dan moet jy op Sy Groot Opdrag reageer wat Hy toe aan Sy dissipels gegee het, en wat steeds van toepassing is op Sy hedendaagse dissipels!

Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen (Mark. 16:19-20). ···

Healing in the Atonement

In Isaiah 53:4 and 5 we read: Surely He hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon Him; and WITH HIS STRIPES (wounds) **WE ARE HEALED.**

Matt. 8:16-17: When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying; HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES, AND BARE OUR SICKNESS.

1 Peter 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.

It is very clear, according to the Bible, that we are healed because of the wounds of Jesus. Satan has, of course, tried his best to hide this truth from the Church through ignorance and tradition. In religious circles we see pictures and statues depicting the crucifixion, pictures that do not tell the true story. They show us a Saviour, wearing a neat loincloth, and a few drops of blood here and there, on His body and brow. This is certainly not what happened to Jesus when He was crucified, yet many have this picture engraved on their minds, of a pale, thin body, beautifully draped on the cross, devoid of any mutilation and wounds. The Bible tells us in detail of the tremendous physical suffering that Jesus endured, before and during the crucifixion. On the night when He was betrayed, the Roman soldiers took Him, blindfolded Him, punched Him with fists and beat Him with reeds, jeered and commanded Him to prophesy who had hit him. His eyes were swollen from the punches, His lips split and swollen, perhaps teeth knocked out, His beard was plucked from His face. A large crown of thorns was pushed onto His head, and these large thorns were driven into His scalp. He was scourged with a whip saturated in a salt solution, and this whip had pieces of glass, bone and lead woven into its nine thongs, so that it would cut into, and break the skin and rip out pieces of flesh with every lash.

His flesh was ripped open to the bone, and His naked body looked like a ploughed field, the Word tells us. There were nails driven through His wrists and feet and the weight of His whole body hung upon them. A sharp spear pierced His side, and the Bible tells us that no man was ever marred as much as Jesus was marred, so much so that we are told that He was unrecognisable. This is the truth concerning the gruesome wounds of Jesus, and Isaiah, Matthew and Peter tell us that by His wounds, we are healed. Read Psalm 22, written 1000 years before the event.

When Jesus established the Holy Communion, the Lord's Table at the Passover on the night before He was crucified, He instructed us to eat of the bread, symbolic of His Body and to drink of the cup, symbolic of His Blood, in remembrance of what He was going to do for us on the Cross.

1 Cor. 11:23-25: For I have received of the Lord that which also I delivered unto you. That the Lord Jesus the same night in which He was betrayed took bread: And when He had given thanks, He broke it, and said, Take eat: this is My body, which is broken for you: this do in remembrance of me: After the same manner also He took the cup, when He had supped saying. This cup is the New Testament in My blood: this do ye, as oft as ye drink it, in remembrance of me.

Every time we partake of the Bread at the Lord's Table, we are to think of the wounds inflicted upon Jesus' Body, and what they mean to us, and every time we drink the Cup, the Fruit of the Vine, we must remember that Jesus died for our sins, that He redeemed us and reconciled us to Father God. He also delivered us out of the kingdom of darkness, into the Kingdom of His glorious Light. Both of these elements, the Bread and the Cup, serve a specific purpose in Holy Communion. The Blood of Jesus brings about our reconciliation with Father God, but the wounds of Jesus have been misunderstood, through tradition of man to such an extent that we are inclined to concentrate only on the Blood of Jesus. Whilst we cannot separate the two, because of them being part of the one complete and perfect Sacrifice, Jesus gave us two elements, and each of these elements has its specific purpose according to Scripture. By His blood we have been set free and by His wounds we are healed. Read what the Lord says about this healing in **1 Cor. 11:29-30: For he that eateth and drinketh unworthily, eateth and drinketh damnation to himself, NOT DISCERNING THE LORD'S BODY. FOR THIS CAUSE many are WEAK AND SICKLY among you and MANY SLEEP.**

Many people die prematurely because they do not recognise the importance of the BODY OF JESUS WHICH WAS BROKEN FOR THEM, broken by wounds and by these wounds, healing was attained for us at Calvary. When we partake of Holy Communion as the Bible prescribes, we must, when we drink of the cup, repent of our sins, and accept forgiveness of our sins, and when we eat of the bread, we accept healing for our bodies. (I recommend for your reading, our book called "The Lord's Table and Healing".)

It may appear strange, but on the odd occasion when I have prayed for Muslim's, and have asked God to heal them in the Name of Jesus, they actually receive healing, yet there have been some regular Christian church goers who have not received their healing as easily. I asked the Lord about this and He showed me that when I speak to a heathen before praying for healing, I should explain to him that I AM NOT the one who heals, but that it is JESUS CHRIST. I ask him if he will accept that Jesus wants to heal him and can heal him, and that I pray in His name. They usually say they do believe that Jesus will heal them, and when I pray for them, healing takes place, because these heathens accept Jesus as their HEALER, although they have not yet accepted Him as their Saviour.

When we come to the faithful churchgoer, we often find that he has received Jesus as his Saviour, maybe some years ago, but not as his HEALER. That is why the heathen is healed and not the churchgoer.

Two thousand years ago, Jesus Christ made provision on the Cross for man's salvation and healing, for both our spiritual and physical needs. Tradition and ignorance has robbed man of this truth. We can accept or reject this provision that God has made for our salvation and healing, that is our choice. God is a gentleman – He will never

force man to do anything, you can always choose, because He has given you a free will!

The Good News of the Gospel of the Lord Jesus Christ is that salvation and healing is for everyone who believes, but they do not fall into your lap like ripe cherries! We must ask for them in faith according to the way the Bible prescribes, and then we are assured of receiving them. It is God's will to save and to heal all who come to Him.

1 John 5:14-15: And this is the confidence we have in Him, that if we ask anything according to His will, He heareth us. And if we know that He hears us, whatever we ask, we know that we have the petitions that we have asked of Him. Let us read **Isaiah 53:7: He was oppressed, and he was afflicted, yet he opened not his mouth: He is brought like a lamb to the slaughter, and as a sheep before her shearers is dumb, so he openeth not his mouth.**

Here the prophet Isaiah is talking about Jesus. We read in the Gospels in the New Testament, that throughout all the torture and physical suffering that Jesus experienced, He did not open His mouth. In other words, He bore the excruciating pain without a sound when His Body was broken and wounded to pay for our sicknesses and diseases, but when He paid for our sin, He took our sin upon Himself, God turned His face away from His Son, because God cannot look upon sin. Jesus could not endure that pain of rejection and separation from His Father, even though it was for that short while, and He called out **"My God, My God, why hast Thou forsaken Me?"** We know that it is much worse to be separated from God through sin, than to be sick, because with a sick body we can go to Heaven, but not with a sick soul. That pain of separation between Jesus and His Father far exceeded all the physical pain that Jesus suffered in going to the cross. So one can imagine the hellish pain that hell provides for the lost – a pain which will last for eternity.

God's Word on Healing

His Word is His will, and His Word declares the following:

Isaiah 53:4-5: Surely He hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem Him stricken, smitten of God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities; the chastisement of our peace was upon Him; AND WITH HIS STRIPES WE ARE HEALED.

1 Peter 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.

Matt. 8:16-17: When the evening was come, they brought unto Him many that were possessed with devils: and He cast out the spirits with his word, AND HEALED ALL THAT WERE SICK. That it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying, HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES, AND BARE OUT SICKNESSES.

Acts 10:38: How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, AND HEALING ALL THAT WERE OPPRESSED OF THE DEVIL; for God was with Him.

Exodus 15:26: And said, if thou wilt diligently hearken to the voice of the Lord thy God, and wilt do that which is right in his sight, and wilt give ear to his commandments, and keep all his statutes, I will put none of these diseases upon thee, which I have brought upon the Egyptians: FOR I AM THE LORD THAT HEALETH THEE.

Psalm 107:2: HE SENT HIS WORD, AND HEALED THEM, and delivered them from their destructions.

Proverbs 4:20-22: My son, attend to my words; incline thine ear unto my sayings. Let then not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. FOR THEY ARE LIFE UNTO THOSE THAT FIND THEM, AND HEALTH TO ALL THEIR FLESH.

James 5:14-16: Is any sick among you? LET HIM CALL FOR THE ELDERS OF THE CHURCH AND LET THEM PRAY OVER HIM, ANOINTING HIM WITH OIL IN THE NAME OF THE LORD: AND THE PRAYER OF FAITH SHALL SAVE THE SICK, AND THE LORD SHALL RAISE HIM UP; AND IF HE HAVE COMMITTED SINS, THEY SHALL BE FORGIVEN HIM.

Malachi 4:1: BUT UNTO YOU THAT FEAR MY NAME SHALL THE SUN OF RIGHTEOUNESS ARISE WITH HEALING IN HIS WINGS, and ye shall go forth, and grow up as calves of the stall.

Isaiah 40:29: HE GIVETH POWER TO THE FAINT; and to them that have no might He

increases strength.

Psalm 103:2-5: Bless the Lord, O my soul, and forget not all his benefits: Who forgiveth all thine iniquities; WHO HEALETH ALL THY DISEASES; Who redeemeth thy life from destruction; who crowneth thee with loving-kindness and tender mercies; Who satisfieth thy mouth with good things so that thy youth is renewed like the eagle's.

Matthew 4:23: And Jesus went about all Galilee, teaching in their synagogues, and preaching the gospel of the kingdom, AND HEALING ALL MANNER OF SICKNESS AND ALL MANNER OF DISEASE AMONGST THE PEOPLE.

Matt. 8:1-3: When He was come down from the mountain, great multitudes followed Him. And behold, there came a leper and worshipped Him, saying, Lord if Thou wilst, Thou canst make me clean. And Jesus put forth His hand, and touched him, saying, I WILL; be thou clean. And immediately his leprosy was cleansed.

Matt. 10:1 and 8: And when He had called unto Him His twelve disciples, He gave them power against unclean spirits, to cast them out, and TO HEAL ALL MANNER OF SICKNESS AND ALL MANNER OF DISEASE. HEAL THE SICK CLEANSE THE LEPERS, RAISE THE DEAD, cast out devils: freely ye have received, freely give.

Matt. 12:15 and 22: But when Jesus knew it, He withdraw Himself from thence: and great multitudes followed Him, AND HE HEALED THEM ALL.

Then one was brought unto Him one possessed with a devil, blind, and dumb: HE HEALED HIM, in so much that the blind and dumb both spake and saw.

Matt. 14:14: And Jesus went forth, and saw a great multitude, and was moved with compassion toward them and HE HEALED THEIR SICK.

Luke 6:19; And the whole multitude sought to touch Him: for there went virtue out of him, AND HEALED THEM ALL.

John 5:6-9: When Jesus saw him lie, and knew that he had been a long time in that case, He saith unto him, Wilt thou be made whole? The impotent man answered him, Sir I have no man, when the water is troubled, to put me into the pool: but while I am coming, another steppeth down before me. Jesus saith unto Him, rise , take up thy bed and walk. And immediately THE MAN WAS MADE WHOLE, AND TOOK UP HIS BED, AND WALKED: and on the same day was the Sabbath.

Mark. 16:16-18: And He said unto them, Go into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptised shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; in My Name shall they cast out devils, they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; THEY SHALL LAY HANDS ON THE SICK, AND THEY SHALL RECOVER.

: 3:13, 14 and 29: Christ hath redeemed us from the curse of the law, being made a curse for us: for it is written, Cursed is every one that hangeth on a tree: That the blessing of Abraham might come on the Gentiles through Jesus Christ; that we might receive the promise of the Spirit through faith. And if ye be Christ's then are ye Abraham's seed, and heirs according to the promise.

Always remember that God desires to heal you! It is His Will that you be well and whole, body, soul and spirit. He has made provision for healing in His Word, and He sent Jesus to earth to be His revealed will in action. Jesus healed everyone who came to Him asking for healing when He walked the earth 2000 years ago, and the Word tells us in **Hebrews 13:8: Jesus Christ the same yesterday, and today and forever.** ` ` `

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in die Here,

Elke dag is ek meer bewus van die profesieë van die Bybel wat in ons leeftyd besig is om vervul te word. Ons kan net om ons heen kyk en die ellendige toestand van die mens sien, hongersnood, nuwe siektes wat dokters nooit geken het nie, die situasie in die Heilige Land, Israel en die rebellie en die geweld en terrorisme oor die hele wêreld.

My gebed is dat nie een van ons sal agterbly na die wegraping nie, maar dan hang dit natuurlik van onsself af wat ons met hierdie tydjie wat voorlê gaan doen, gaan ons gehoorsaam wees aan die opdragte in die Woord en daders wees van daardie opdrag of maar tevrede wees om op die sand te bou. Ons Hemelse Vader, deur Sy groot genade, het ons nog 'n tydjie gegun om nog siele vir Sy Koninkryk in te bid en om voor te berei. Laat ons hierdie twee doelstellings bo aan ons lys stel.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om al ons dierbare lesers te bedank vir julle wonderlike ondersteuning deur liefde, getuienisse, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die Ware Goeie Nuus te verkondig in die eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog hou, mag die Here u een en elk oorvloedig seën.

Mag die Here julle ryklik seën,

Baie liedegroete.

Meg en die Gebedspan

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

En Asa het die Here sy God aangeroep en gesê: "Here, niemand kan help soos U tussen die magtige en die kragtelose nie; help ons, Here onse God, want op U steun ons, en in u Naam het ons teen hierdie menigte gekom; Here, U is onse God; laat geen sterfling naas U magtig wees nie" (2 Kron.14:11). En die Here het die Kusiete voor Asa en Juda verslaan, en die Kusiete het gevlug (2 Kron.14:12).

Eerstens het Asa hulle behoefte aan God gesien! Hy het nie probeer om die vyand in sy eie krag aan te val nie. Hy het nie aanvaar dat hulle die vyand sou verslaan nie, maar het hul onvermoeë erken om die geveg te wen. Hy het geweet dat ten spyte van voorkoms, dit God was wat die uitkoms sou bepaal en dat Hy alleen die mag en krag het om te red!

Hoe dikwels probeer ons om ons eie gevegte te veg, geestelik of andersins sonder om ons Verlosser te smeek om vir ons te onderneem nie. Sien ons werklik ons behoefte om elke tree van die pad op Hom te vertrou?

Gevegte word op ons knieë gewen, deur nederig by God te pleit om ons te help dat ons so sal maak. Wanneer ons swak is, dan is Hy sterk en sal ons weet en Sy helpende en verlossende Hand op ons ondervind.

Soos Paulus gesê het in **2 Kor. 12:9: En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van**

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.